Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

# DIE O.B.

Jrg. 6. Kaapstad, Woensdag, 19 Maart 1947. No. 16.

# Werkers Gaan Self Kandidate Stel

## Nekslag vir Partye

**Indien die hoë verwagtings wat die organiseerders van die pasgestigte Suid-Afrikaanse Werkersunie koester, verwesenlik kan word, sal dit 'n onheilspellende organisasie wees vir die bestaande politieke partye in Suid-Afrika, na ons korrespondent uit Pretoria berig.**

Die toonaangewende persone in die nuwe organisasie sal nie beroepspolitici van een of ander party wees nie, maar erkende leiers van die werkers self. **Vir elk van die bestaande groepe van die Arbeidsparty beteken hierdie verwikkeling die einde van enige politieke aspirasies waarna hulle nog mag gehunker het, want dit is 'n aanduiding dat nie een van die Arbeidsparty-groepe daarin sal slaag om die politieke mondstuk van die georganiseerde vakunies te word nie.** In hierdie behoefte is die werkers van voorneme om self te voorsien deur middel van die Werkersunie.

In 'n onderhoud met ons korrespondent het die organiseerders verklaar dat daar onder die werkers self geen verskille bestaan oor hul gemeenskaplike belange nie, maar **hierdie eensgesindheid word vertroebel sodra hulle op politieke terrein hul steun toesê aan een of ander party om hul belange so te probeer dien.**

Die Werkersunie beywer hom om die eensgesindheid van die werkers op politieke terrein oor te dra en waar enigsins moontlik sal werkerskandidate gestel word vir plaaslike- en provinsiale rade sowel as vir die volksraad. Die Unie is onlangs in Pretoria gestig met mnre. M. J. Palm en Vossie Nel as voorsitter en sekretaris.

Blykens inligting wat verstrek is, het die organisasie reeds ruim gevorder en sal die kongres wat binne die eersvolgende paar maande gehou staan te word, deur 'n groot aantal belangrike verteenwoordigers uit verskillende werkersorganisasies bygewoon word.

## Op Die Berg



Die K.G., dr. Hans van Rensburg, sit hier by die houtstapel met 'n aantal kamerade gereed om die vryheidsvuur op die kruin van Amajuba aan te steek.

# EEN BEWEGING IN KRISIS VAN REPUBLIKANISME

# K.G. Oor Volgehoue Stryd

**Voor 'n groot skare te Klipkoppies het die Kommandant-generaal, dr. Hans van Rensburg, op 8 Maart die stryd van die Ossewabrandwag teen Britse imperialisme sowel tydens die oorlogsjare as tydens die koningsbesoek beklemtoon en ook hulde gebring aan sewe politieke gevangenes wat so pas uit die tronk gelaat is ingevolge die algemene amnestie.**

**Die groot optog van fakkeldaers uit verskillende dele van die stad, het 'n diepe indruk gelaat op die publiek.**

Die K.G. het verwys na die dubbele feesviering vanaand — Amajuba-oorwinning en die verwelkoming van ons kamerade.

„Ons heet ons maters welkom; dubbel welkom omdat hulle tot die laaste dag toe geen enkele genadeblyk van die regering ontvang het nie," het die K.G. gesê. Mense mag onder die indruk verkeer dat hierdie manne, wat uit politieke oortuiging in die stryd gespring het en in die proses tot jarelange dwangarbeid gevonnis is, nou met die koninklike remissie spesiale oorwegings of grasie ontvang het. Dit is ten ene male ver van die waarheid en dit is goed dat sulke mense ontnugter word.

**Geen een van hierdie politieke gevangenes het een enkele dag strafvermindering ontvang wat nie ook elke kaffer-misdadiger te beurt geval het nie. Die naturel wat êrens in 'n plantasie 'n blanke kind aangerand het en die man wat, terwille van sy republikeinse ideaal, met die noodregulasies van die regering gebots het . . albei is oor een en dieselfde kam geskeer.** Die manne skuld die regering niks en weer niks. . . .behalwe die gevoel van kille minagting wat meeste van ons vir die lede van hierdie handlangerregering van Brittanje koester.

### DEUR TRONKE

Sommige mense mag onthuts voel dat ons, hierdie skare wat hier vergader is, hulde betoon aan manne wat uit die Unie se grootste tronk as veroordeeldes kom; manne wat luidens noodregulasies en ook weens oortreding van die landswette gevonnis is. **Maar hulle hoef alleen hul volk se geskiedenis gade te slaan om te besef dat die pad na die Afrikaner se respek en sy hulde in die verlede herhaaldelik en nog 'n keer deur die land se gevangenisse geloop het.** 'n oorweldigde volk wat probeer sy vryheid terugwen, moet òf met die oorwinnaar se howe bots òf hy kan sy stryd maar gewonne gee. Hierdie manne is vasberade om die stryd NOOIT gewonne te gee nie; daarom het hulle met die howe gebots . . .en daarom bring ons hulle die hulde vir hul vasberadenheid.

Waar die regering in 1914 die opstandelinge in elk geval behandel het vir wat hulle werklik was. .rebelle, en hulle dienooreenkomstig aangekla het, daar het hierdie handlangerregering die gemeenheid gehad om hulle aan te kla nie weens opstand of rebellie nie, maar weens die onderdele van hul ware handeling. Maar al het die regering die manne laat aankla van gewone misdade, hulle het die manne darem nie laat aankla voor die gewone howe nie! 'n Gewone misdaad. . . . maar 'n spesiale Hof! Waarom? **Omdat die Regering net so goed soos ons geweet het dat dit geen gewone misdadigers is nie.**

As iemand 'n geweer van die vyand neem dan beskou meeste mense dit as deel van die verset. . . .maar in hierdie jare het die regering verkies om die manne aan te kla weens diefstal. Hier is Boeta Fourie, wat al sedert 1942 in die gevangenis sit. Onder die aanklagtes teen hom, waarvan hy ook skuldig bevind is, is een van diefstal. Wat was die gesteelde goed? **Vyf rewolwerpatrone.** Hoe het hy hulle „gesteel"? Hy het die speurder wat hom gewapenerhand wou arresteer ontwapen en, voor hy ontsnap, het hy nogal die man sy rewolwer terug gegee maar. . . .ingeval die man gek genoeg sou wees om te probeer skiet terwyl ons manne padgee. . . .eers die patrone uit gehaal en hom gesê hy kan sy patrone enige honderde tree verder op die pad kom optel. **Omdat hy 'n man wat op hom wil skiet ontwapen en sy patrone verwyder, het Boeta Fourie 'n ekstra nege maande hardepad en 'n ekstra veroordeling (diefstal) teen hom!**

### BANG

Waarom het die regering so gehandel? Omdat hulle bang is vir die besieling wat uit hierdie manne se offervaardige moed op die harte van ander Afrikaners kan uitstraal: **uit vrees en uit angs vir die Afrikanerbesieling het die vyand so gehandel. Wat het hulle bereik? Dat duisende jong Afrikaners hierdie manne eer vir wat hulle werklik is en dat duisende jong Afrikaners die regering ken vir wat hulle werklik is.** En ons

## K.G. OP STELLENBOSCH

**Die K.G., dr. Hans van Rensburg, en Adjunk-K.G., genl. J. A. Smith, spreek Saterdagaand om 8-uur 'n openbare vergadering toe in die Stadsaal, Stellenbosch.**

## Vryheidsvlam



**Met flitsende weerlig wat die bergkruin donker teen die hemellig afteken, op die agtergrond, is 'n reuse vryheidsvuur op 27 Februarie op Amajuba deur die Ossewabrandwag aangesteek. Die vlam kan as 'n ligkol op die foto gesien word.**

## POSAFLEWERING VAN „DIE O.B."

**Talle klagtes oor laat aflewering van „DIE O.B." word weer uit verskillende dele van ons land ontvang.**

**Die bestuur van „Die O.B." wil egter langs hierdie weg aan al sy lesers die versekering gee dat die grootste gedeelte van die oplaag gereeld elke Dinsdag by die Stellenbosse poskantoor besorg word, en die orige gedeelte Woensdagoggend. Wanneer die blad deur die drukkery aan die poskantoor gelewer word, is dit, soos vereis word, verdeel en opgemaak volgens die vesrkillende posdistrikte sodat dit gereed is vir onmiddellike afsending deur die poskantoor.**

**Iewers moet daar dus 'n onverklaarbare vertraging met die aflewering wees nadat die blaadjies in die hande van die poskantoor belang het, want dit is onmoontlik dat met „normale" posverkeer die blad ses dae nodig het om in Pretoria en op die Rand afgelewer te word. Selfs lesers in Seepunt en Kaapstad, 30 myl vanaf Stellenbosch, kry eers hul blad vyf dae nadat dit op die pos gedoen is.**

**Herhaaldelik is reeds vertoë tot die posowerheid oor hierdie saak gerig, net om elke keer te verneem dat die aflewering van „Die O.B." heeltemal „normaal" geskied. „Die O.B." is natuurlik geregtig op 'n normale diens, omdat hy dieselfde tariewe as ander blaaie en tydskrifte betaal.**

**Ons lesers moet dus self oordeel of ons aan die vooraand van die atoom-eeu of die skilpad-eeu staan!**

# Volksgevaar Moet Deur Volksfront Afgeweer Word

(Ons Korrespondent)

**„Die huidige verdeeldheid onder die volk verhinder ons in die bereiking van ons volksbestemming. Ons sien dit b.v. in wat tans in ons land gebeur: terwyl daar van ons volksgenote krimpeer van honger en gebrek, word duisende ponde gespandeer om die simbool van ons verdrukking in ons eie land „Hosannah" toe te roep", het ds. S. J. Stander, voorsitter van die Grootraad, by geleentheid van die feesviering te Klipkoppies gesê.**

Wat is nou eintlik die oorsaak van hierdie verdeeldheid van ons? In die algemeen kan ons sê dat dit ons sondes voor die oë van God is. Maar daar is ook ander afsonderlike redes. Daar word beweer dat dit maar die innerlike geaardheid van ons volk is om tweedragtig te wees. Ek weier egter beslis om dit te glo. **Die verdeeldheid is te wyte aan verkeerde invloede van buite wat op ons volk afgedwing is. Die grootste euwel van almal is die verpligte invoering van die politieke partystelsel deur ons veroweraars. Hierdie partystelsel vorm die grootste bron van verdeeldheid onder die volk.**



Ds. Stander

As ons dieper in die wese van hierdie partystelsel ingaan, dan vind ons dat dit in werklikheid in stryd is met Gods Woord, dat dit heidens is, omdat God elke volk geskep het om 'n EENHEID te wees en nie 'n verdeling in partye nie.

GEVAAR

Dit mag stellig gebeur dat ons na die koningsbesoek, wanneer die volk sterk genoeg Union Jack georiënteerd is, 'n algemene verkiesing kan kry. In hierdie eleksie kan dit ook gebeur dat die republikeinse gedagte, onder die omstandighede waarvan hierbo gewag gemaak is, 'n gedugte nederlaag mag ly. Dit sal beteken dat ons land oorstroom sal word deur massas ongewenste immigrante. **Die aanstaande verkiesing is dus om hierdie rede van die allergrootste belang vir ons volksbestaan, en mag dus nie op enige partygrondslag aangedurf word nie.**

Hoe sal ons dit egter regkry om die eenheid van die volk te bewerkstellig? In die eerste plek sal ons die selfsug moet laat vaar en die volksbelang eerste stel.

Die Ossewabrandwag is bereid om met alles en almal saam te werk wat daarop gemik is om ons eenwording te bewerkstellig, of dit nou ookal, soos die K.G. dit kernagtig uitgedruk het, geskied deur 'n stembus, 'n omnibus of 'n donderbus.

Ds. Stander het beklemtoon dat daar vir elke openlike lid in die Ossewabrandwag drie of vier bedekte lede is wat deur dwangmaatreëls belet word om openlik deel te neem.

# Groot Opkomste Kenmerk Vryheidsvierings

**Die Ossewabrandwag het op 27 Februarie opnuut besieling geput vir die Vryheidstryd toe lekkende vlammetonge hoog die hemelruim ingeskiet het, en getuienis was van die brandende vryheidsywer in die hart van elke Afrikaner. Vryheidsdag is vanjaar soos nog nooit te vore deur die Ossewabrandwag dwarsoor heel Suid-Afrika gevier. Van die kant van die Ossewabrandwag was dit 'n duidelike demonstrasie dat ons in die aangesig van die Britse koning nog nie die vryheidsideaal laat vaar het nie.**

Berigte oor die viering van Vryheidsdag stroom nog elke dag binne. Almal lewer getuienis van die onverwinlike krag en getrouheid van Brandwagte.

Op MIDDELBURG, Tvl., het meer as 250 Brandwagte met 'n gevoel van oorwinning hulle rondom die Vryheidsvuur geskaar en gekyk hoe die vlamme in die donker verdwyn, berig ons korrespondent. Reeds van vroeg die dag het die kommando's van Hendrina en Middelburg begin fees vier. Die gewyde verrigtinge het op die vasgestelde tyd begin. Ds. Postma het voorgegaan met skriflesing uit Daniël en Mattheus. Na aanleiding hiervan het hy gewys op die Judasse wat ons volk verraai het.

Hfgenl. Tienie Smith wat spesiaal van die hoofkwartier oorgekom het, het 'n boeiende toespraak gelewer en getoon dat ons volk besig is om te ontaard maar dat die kakebeenwa van 1938 nuwe hoop gebring het, Genl. Smith het ook hulde gebring aan die politieke gevangenes wat onlangs vrygelaat is.

DIE VLAM

Die Brandwagte is so opgestel dat hulle tesame met die vlae en vuurstapel 'n O.B.-wapen gevorm het. Nege Boeredogters het die houtstapel met fakkels aangesteek. Asof haastig om kontak te maak met die ander vure in ons land, het die vlamme hoog opgeskiet. Elke Brandwag het daarna 'n stompie hout op die vuur gegooi en ook hul geldelike offers in die kassie gestort.

Die verrigtinge het plaasgevind onder leiding van komdte. G. Wassenaar en Theo. Wassenaar.

Die kommando's van **Dendron, N.-Tvl.**, het ook hul gelofte op 27 Februarie rondom die Vryheidsvuur hernu. Die opkoms was besonder goed. Die mooi bedrag van £38 is ingesamel.

Te **Balfour** het die Vryheidsvlam hoog op die heuwels gebrand. 'n Groot gehoor wat die ruime stoor volgesit het, is deur genl. Heroldt toegespreek op die plaas van komdt. Penning. Hy het beklemtoon dat so lank as Majuba-berg staan, daar gestry sal word. Die Ossewabrandwag sal van krag tot krag gaan. Selfs binne die tronk- en kampvestings van die vyand, het Brandwagte pal gestaan.

VRYSTAAT

Hoewel die koningaanbidders besig was om **Kroonstad** om te skep vir koningsverheerliking, het hierdie kommando's hulle nie deur die aanwesigheid van die koning laat afskrik nie, en Vryheidsdag op plegtige wyse gevier, berig ons korrespondent. 'n Groot aantal Brandwagte het op die plaas Royden saamgekom en feestelik verkeer. Genl. P. Odendaal het die verrigtinge gedurende die aand gelei en die gehoor toegespreek.

KAAPLAND

Die kommando's van **Wellington** is opnuut geïnspireer met die viering van Vryheidsdag, skryf ons korrespondent. Dr. Greyvenstein het opgetree

(Vervolg op bladsy 3)

# Luisterryke Viering Op Brakpan

**BRAKPAN. — Met die leuse: „Amajuba behoort aan die O.B." — „Die O.B. behoort aan die volk", het die Ossewabrandwag van die Oos-Rand in hul honderdtalle en op luisterryke wyse Vryheidsdag gevier.**

Vanaf die stadsaal te Brakpan het 'n groot optog van verskillende kommando's, flink in tred met die marsmusiek van die Jeugorkes gemarsjeer.

Vooraan die spits van die optog was die Boerejeug met hul vaandels en slagspreuke. Die O.B.-wag het 'n kordon rondom die hele lange optog gevorm.

GROOT SKARE

Op die feesterrein is die optog ingewag deur 'n skare van 800 mense, wat diep onder die indruk gekom het van die skouspel wat die optog aan vriend en vyand gebied het. Op Brakpan, soos elders, het die Ossewabrandwag getoon dat die vyandige Engelse en Afrikaanse dagblaaie hom nie onder koerantpapier laat toestapel nie. Telkemale wanneer die K.G. roep, is die Ossewabrandwag daar om te antwoord.

Met die onvermydelike afwesigheid van genl. Heroldt, het hoofgenl. Du Toit die verrigtinge gelei. As eregaste was onder andere aanwesig: ds. J. J. Fick, genl. J. F. Marais, ds. K. S. van Wyk de Vries, dr. S. J. van der Walt, genls. Stricken en Barnard en hfkomdt. Du Toit van die Boerejeug.

BOODSKAP

Genl. Marais van Pretoria, 'n oud-geïnterneerde, het die boodskap van ons kamerade wat so pas uit die gevangenis losgelaat is, oorgedra. **„Solank ons in die tronk was, het partypolitici gesê, is ons mislei en nou betaal ons die prys. Na alles sê ons nou nog: Ons staan met sekerheid en met al ons trou by die K.G. en die Ossewabrandwag".**

Spr. het voortgaande die Boere-oorwinnings behandel en gesê die grootste oorwinning moet nog behaal word, nl. die oor Britse imperialisme. Vir hierdie oorwinning bly die O.B. aanhou stry en voortmarsjeer.

Presies om nege-uur het die Boerejeug wat met 'n brandende fakkel van Germiston gehardloop het, aangekom, en die Vryheidsvlam hoog laat brand.

Met die gees so gloeiend soos die stapelvlam en met die vlymende taal van 'n kamp-gelouterde hart, het ds. Fick se toespraak oor „Die lafaard, die renegaat en die Held", diepe ingang gevind.

O.B. IS WELKOM

Voor die afsluiting van die verrigtinge het burgemeester J. V. Coetzee van Brakpan die O.B. geluk gewens met sy geslaagde funksie en prestasie. Hy het die versekering gegee dat elke Afrikaner-organisasie welkom is op Brakpan.

Die silwerkollekte het £35 vir die stakende mynwerkers opgelewer. — (Eie berig).

## *Nou Toe Nou!*

Die Burger van verlede Saterdag ontken in die algemeen die waarheid van ons aanklag dat hy 'n spesiale verteenwoordiger met die koning saamstuur om oral vandaan nuus van die verwelkoming oor te sein. Hy beskuldig Die O.B. van onkieskeurigheid, blykbaar omdat ons praat van „elke dorp en elke kafferstat" waar die koning kom. 'n Dag voordat hierdie ontkenning geskryf is, het Die Burger nog onder dubbelkolom-opskrif die volgende berig, afkomstig van die kafferstat Maseru, bevat:

„Tagtigduisende Byeen in Basoetoland — Ontvangs van Koningsgesin"

„(Van ons **Spesiale Verteenwoordiger**)"

As Die Burger se ontkenning 'n bewys is dat hy nou begin skaam word, is dit ten minste nie so sinloos as wat dit lyk nie.

# Potchefstroom Op Vryheidsdag Besiel

**POTCHEFSTROOM. — Die Ossewabrandwag in Wes-Transvaal het die afgelope dae geskiedenis gemaak met die viering van Vryheidsdag in die Potchefstroomse stadsaal. Dit was die grootste vergadering wat vir 'n baie lang tyd hier gehou is. Genl. G. Cronjé van Pretoria het ruim agthonderd mense toegespreek. 'n Geesdriftige gehoor het die stadsaal stampvol gesit.**

Genl. Cronjé het gehandel oor die Indiër-kwessie, en op baie duidelike wyse die gevare wat die Indiërs vandag vir ons inhou, geskets. Hy het gevalle genoem waar blanke meisies met Indiërs getroud is nadat die Indiër die blanke Afrikanerfamilie hopeloos in die skuld gedompel het. **Sy huwelik met die blanke dogter was al voorwaarde wat hy gestel het vir kwytskelding van die skuld.**

DIE FAKKEL BRAND!

Die hoogtepunt van die feesviering is bereik toe die Boerejeug die fakkel in die pikdonker saal ingebring het. Dit was presies nege-uur. Tamboere het gerol terwyl 'n viertal jeugoffisiere die fakkel van agter deur die saal gedra het. Plegtig het die vlae wat deur lede van die O.B.-wag gehou is, in saluut gesak toe die Vryheidsfakkel aan hfgenl. prof. F. J. Labuschagne, oorhandig is.

Die saal het 'n indrukwekkende skouspel gebied, terwyl daar vir 'n minuut stilte geheers het: voor op die verhoog die fakkel, op die agtergrond die O.B.-baniere, die Boerejeug netjies in hul uniforms, die flinke O.B.-wag op hul poste langs die paadjies en die groot getal Brandwagte en belangstellendes. In menige oog het 'n traan geblink en was trekke van vasberadenheid duidelik te lees.

Nadat hfgenl. Labuschagne, wat as voorsitter opgetree het, die gelofte gelees het, was die groot oomblik verby.

NUWE LEDE

Die inlywing van nuwe lede in die Boerejeug is daarna waargeneem deur die Jeugleier, genl. prof. D. van Rooy. Drie-en-twintig nuwe lede, insluitende die hfkomdt. L. Roos van Boerejeughoofkwartier, het by dié geleentheid, as nuwe lede van die Beweging, die plegtige instellingsbelofte afgelê — almal besiel deur die Vryheidsvlam wat brand langs die Pad na Vryheid.

Net voor die afsluiting van die vergadering is twee oud-geïnterneerdes, mnre. Slabbert en Claassens, wat so pas losgelaat is, onder geweldige toejuiging na vore begelei. Laasgenoemde het 6 jaar in die tronk deurgebring. Onder luide toejuiging het hulle mekaar reg onder die Transvaalse Vierkleur die O.B.-saluut gegee.

Ds. J. A. van Rooy het die vergadering afgesluit met 'n kragtige dankgebed.

Die organisering en opstelling van die program is waargeneem deur Boerejeug-veldkornetskap JE8a2, onder leiding van Jeugkomdt. J. H. Coetzee en Jeugveldkt. G. M. van Rooy. — (Eie Berig).

## *Ramp op Ramp*

Na die geweldige koue heers daar tans groot oorstromings in Engeland wat op sy beurt weer die verkeer ontwrig. In sommige stede het die water tot toonbank-hoogte in die winkels deur die strate gestroom.

Boerejeug

# Opleidingslaertrekke April-Skoolvakansie

## Amajuba en Boesmans-Riviermond

**Soos in die verlede sal die Jeug van ons Volksbeweging gedurende die eersvolgende skoolvakansie weereens hulle intrek in die Boerejeuglaer neem. Só gewoond het die lede van die Boerejeug al aan die heerlike lewe in die buitelug geword, dat hulle nouliks kan wag totdat daar weer 'n volgende laertrek gehou word.**

**En dan is dit nie net dié wat naby woon wat laer-toe kom nie — nee, daar word selfs honderde myle afgelê net om die geleentheid wat daar tog weer aan hulle gebied word om weer 'n laer by te woon, nie te laat verbygaan nie.**

AMAJUBA

Vir die seunsafdelings van die noordelike gebiede word daar vanaf 29 Maart tot 11 April 'n landsdienslaer op Amajuba gehou. Hierdie datums sluit die skool- en universiteitsvakansies van beide die Vrystaat, Transvaal en Natal in, dus sal dit vir elke seun uit hierdie Gebiede moontlik wees om hierdie laertrek by te woon.

Gedurende hierdie laertrek sal aandag veral aan die opknapping van die feesterrein op Amajuba-plaas bestee word. Die program sal egter sodanig opgestel word dat daar genoegsame tyd ook vir opleiding en ontspanning afgesonder word.

GEBIED B

Ook die seuns en dogters van Gebied B (Oos-Kaapland) sal die voorreg hê om vanaf 29 Maart tot 7 April 'n laertrek op die O.B.-terrein te Boesmansriviermond by te woon. Pragtig geleë langs die Boesmansrivier en slegs enkele myle van die see af, bied hierdie terrein 'n ideale vakansieplek vir ouers wat graag naby hul kinders, wat in die laer sal tuisgaan, wil uitkamp.

Gedurende hierdie laertrek sal spesiale aandag aan die opleiding van Boerejeugoffisiere geskenk word. 'n Baie aangename program sal ook vir die gewone brandwag opgestel word.

BYWONING

**Op elke ouer en offisier van die O.B. word 'n beroep gedoen om mee te help om hierdie laers 'n groot sukses te maak deur hul eie kinders daarheen te stuur en toe te sien dat soveel ander kinders as moontlik uit hul afdeling daar teenwoordig is. Die laers, wat onder strenge dissipline sal staan, sal vir u kind 'n ware plesier en vakansie wees.**

Lede van die O.B.-wag en ander belangstellendes is ook op die laers welkom.

Die name, adresse en range van persone wat een van die laers sal bywoon, moet dadelik aan die volgende verstrek word:

Amajuba-laer — aan Boerejeughoofkwartier.

Boesmansriviermond-laer — aan mnr. H. Heunis, P.K. Alexandria, K.P.

# Groot Opkomste By Vryheidsdag-Vierings

(Vervolg van bladsy 2)

as spreker en getoon hoe die kleine Gideonsbende vasberade en vol geloofsvertroue die oorwinning behaal het. Die vlam is deur die Boerejeug aangesteek.

Die Brandwagte van Uniondale het vanjaar op 'n wyse eie aan die O.B. feesgevier. Die puik program is onder leiding van komdt. Vosloo van stapel gestuur. Die manne-kommando het op selflose wyse gesorg dat die terrein in orde gebring word, terwyl die vroue verantwoordelik was vir die heerlike lekkernye. Die Brandwagte was ook vereer met die teenwoordigheid van die Burgemeester van Uniondale en sy gade.

'n Mooi bedrag is ingebring deur die verkoop van 'n skildery wat mev. Ferguson geskenk het van haar eie werke. Altesaam het die dag £40 opgelewer.

Saam met al die ander O.B.-kommando's het MIDDELBURG (KAAP) ook op 27 Februarie die Vryheidsvuur hoog laat brand, skryf ons korrespondent. Die opkoms was heeltemal bevredigend. Veldkornet Mulder het die verrigtings gelei en ook die gehoor kragtig toegespreek en hul aangemaan tot daadwerklike optrede teen die georganiseerde vyande.

KAMIESKROON het in die afgelope tyd 'n groot herlewing ondervind, en daar het weer nuwe lede aangesluit, terwyl Afrikaners in ander groepe groter welwillendheid openbaar. Ongeveer 60 mense het Vryheidsdag gevier op die plaas van genl. J. de G. Genis, onder wie daar heelwat lede van die H.N.P. en Verenigde Party was. Ds. C. J. van Lille het die godsdiens waargeneem, terwyl mnr. D. J. Scholtz, L.P.R., 'n kragtige toespraak gehou het. Die arbeid van komdtes. W. D. Kotze en A. M. Genis het £5-15-0 opgelewer.

## VRUGTEFEES OP CONSTANTIA

Die jaarlikse vrugtefees op die plaas Welgeleë, Constantia, onder leiding van komdte. mev. Lategan, word op Saterdag, 22 Maart vanaf drie-uur die middag gehou. Behalwe vrugte en groente, sal daar ook allerlei lekkernye te koop aangebied word. Almal is hartlik welkom.

RUSLAND WEIER ONDERSOEK. — Nadat Amerika 'n protesnota aan Rusland gestuur het oor laasgenoemde se inmenging en likwidering van anti-kommunistiese leiers in Oos-Europese state, het Rusland die voorstel, waarin versoek word dat 'n gesamentlike ondersoek na toestande in Hongarye ingestel word, verwerp.

# L.V.'s Wat Net Partye Verteenwoordig

**Onder die ingevoerde party-politieke stelsel het die volksverteenwoordiging soos dit in die Republikeinse dae in swang was, ontaard tot 'n partyverteenwoordiging. Hierdie waarheid word baie duidelik geïllustreer deur die feit dat ten minste vyftien lede van die huidige volksraad deur hul party-leiding van elders — hoofsaaklik stedelike gebiede — ingevoer is om plattelandse kiesers te verteenwoordig en in werklikheid dus geen direkte belang by hul kiesafdelings het nie.**

Gedurende die laaste jare het dit 'n algemene gebruik van die politieke partye in ons land geword om beroepspolitici van buite die kiesafdelings as kandidate vir die verkiesings te benoem. Die inisiatief hiervoor gaan hoofsaaklik uit van die party se hoofkantore wat die finale seggenskap het oor die benoeming van die kandidaat en ook die mag het om 'n genomineerde kandidaat af te keur. Op die oomblik is daar minstens vyftien sulke ingevoerde „volksverteenwoordigers." Dit raak sowat 100,000 kiesers.

Uit die vyftien gevalle wat ons kon naspoor is dit opvallend dat die lede honderde myle van hulle kiesers woon en dat mense wat aan die balie behoort wol- en koringboere verteenwoordig. Ander wat tot die mediese beroep behoort, verteenwoordig weer wynboere.

Dit spreek van self dat hierdie mense wat ver van hulle kiesers woon en wie se belange in heel ander rigtings opgaan as dié van hulle kiesers nie dieselfde belangstelling en kennis van die besondere omstandigheid dra as die verteenwoordigers uit eie geledere nie.

Onderstaande is 'n lys van ingevoerde verteenwoordigers tesame met hul woonadresse en die kiesafdelings wat hulle verteenwoordig.

| Verteenwoordiger | Woning | Kiesafdeling |
|---|---|---|
| Mnr. H. T. van G. Bekker | Steynsburg | Kimberley (Dist.) |
| Lt.-kol. W. A. Booysen | Kaapstad | Namakwaland |
| Dr. K. Bremer | Kaapstad | Stellenbosch |
| Mnr. H. van Aarde | Malmesbury | Hottentots-Holland |
| Adv. F. C. Erasmus | Kaapstad | Moorreesburg |
| Adv. E. H. Louw | Kaapstad | Beaufort-Wes |
| Dr. D. F. Malan | Stellenbosch | Piketberg |
| Mnr. P. J. Olivier | Koffiefontein | Kuruman |
| Mnr. P. Sauer | Stellenbosch | Humansdorp |
| Kol. C. F. Stallard | Johannesburg | Pietermaritzburg |
| Dr. A. J. Stals | Kaapstad | Ceres |
| Adv. C. R. Swart | Bloemfontein | Winburg |
| Dr. P. J. van Nierop | Somerset-Wes | Mosselbaai |


Stuur u POSBESTELLINGS vir
- KANTOORBENODIGDHEDE en
- SKRYFBEHOEFTES

na

SOLMS VAN NIEKERK
Groote Kerkgebou, Parlementstraat, KAAPSTAD — Foon 27017

A.V.B.O.B.
Lykbesorgers, Grafsteenmakers, Begrafnisversekeraars
Bloemfontein — Pretoria
130 Takke

G. A. FICHARDT, Bpk
(Lid Afrikaanse Handelsinstituut)
MASJINERIE, YSTERWARE, PRODUKTEHANDELAARS
Foon 700 Opgerig 1848
BLOEMFONTEIN

Spesiale Aanbod in
DAMESHANDSAKKE
Egte leer, met leer uitgevoer teen presies die prys wat u wil betaal.
KOM SEKER NA
Steyns
DIE MODEWINKEL
PAROW

MARKAGENTSKAP
VROEE MÔRE-MARK
KAAPSTAD
Betaling geskied onmiddellik weekliks, maandeliks of soos verlang
Beste heersende pryse
MINNAAR EN VAN SCHOOR
Eienaar: GUSTAV RETIEF

Beskerm u Oë
Bring u oogarts se voorskrif na ons. Laat gekwalifiseerde Voorskrif-Oogkundiges u bedien.
Wahl, Lawrence EN KIE.
BRILMAKERS
Adderleystraat 120a, Kaapstad
Foon 22408

PLUIMVEE
Die Beste Firma om u PLUIMVEE EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:
C. M. ELOFF EN KIE.
(Edms.) Bpk
MÔREMARK (Posbus 7185) Newton

STUDEER U?
PRO ECCLESIA-BOEKHANDEL KAN AL U STUDIE-BOEKE VOORSIEN!
Wetenskaplike Boeke oor die volgende onderwerpe is nou in u EIE TAAL beskikbaar

Wiskunde:




ANALITIESE MEETKUNDE VAN DIE PLAT VLAK
deur Prof. D. J. van Rooy
20/6 posvry

Physiologie:
MENSLIKE PHYSIOLOGIE
deur Dr. H. E. Brink
Deel I en II — 21/- elk posvry

Opvoedkunde:
- INLEIDING TOT DIE ALGEMENE TEORETIESE OPVOEDKUNDE
deur Prof. dr. J. C. Coetzee . . . . . . . . . 15/6 posvry

Bantutale:
- INLEIDING TOT DIE STUDIE VAN SUID-SOTHO
deur Prof. dr. B. I. C. van Eeden . . . 12/6 posvry

Soölogie:
- DIE ONTLEDING VAN DIE KONYN
deur Dr. C. Grobbelaar . . . . . . . . . 13/9 posvry

Regsleer:
- INLEIDING TOT DIE ALGEMENE REGSLEER
deur Prof. L. J. du Plessis . . . . . . . . 3/- posvry

Ekonomie:
- INLEIDING TOT DIE EKONOMIE
deur Prof. C. G. W. Schumann en Prof. D. G. Franszen . . . . . . . . . . . . 20/6 posvry

VRA OM VOLLEDIGE LYSTE

Pro Ecclesia-Boekhandel
Posbus 29 STELLENBOSCH

DIE O.B., WOENSDAG, 19 MAART 1947

# Die Einde In Sig

Die stigting van 'n werkersorganisasie wat hom op die politieke terrein gaan begewe, is 'n aanduiding van hoe die wind van hervorming reeds oor ons politieke velde waai. Dit openbaar die drang om 'n einde te maak aan die kunsmatige verteenwoordiging van die partypolitiek waar politieke stigtings soos partye hulself opwerp as agente vir die volksverteenwoordiging. Die kiesers het onder hierdie stelsel reeds lank gelede alle regstreekse verteenwoordiging verloor. Dit is nie meer kiesafdeling A en kiesafdeling B wat in die parlement verteenwoordig word nie, maar Party X en Party Y wat 'n agent in die hoedanigheid van kandidaat na daardie kiesafdelings stuur vir wie die kiesers dan met parlementêre gesag moet beklee, **en hierdie partykandidaat se hooftaak is om in die parlement te gaan help propaganda maak vir sy party. Daar mag hy nie stem soos sy kiesers verlang nie, maar soos sy partykoukus besluit in ooreenstemming met die belange van die party, wat die kandidaat miskien duisend myl ver na kiesafdeling A ingevoer het.**

**SOOS ONKRUID**

Politieke partye pas hulle aan by die kiesers soos onkruid hulle aanpas by die landerye. Net soos onkruid opskiet oral waar landerye aangelê word, so skiet daar partye op waar daar stemme te haal is. Op die manier ontstaan daar 'n party vir die geldmag wat, as hy aan bewind is — soos ons tans beleef — hy 'n „rykmansbegroting" indien wat net die geldmag bevoordeel en nie die gewone man nie. Daar ontstaan ook 'n party vir die werker, gewoonlik Arbeidersparty genoem, en 'n party vir die landelike bevolking — in baie lande „Boereparty" genoem. Gewoonlik kan geen party die slag wen net met sy eie kieserskorps nie; hy moet ook ondersteuning van elders ontvang — van die sogenaamde vlottende stemme. **En dit is hier waar die meeste partye — met moontlike uitsondering van die „geldmagparty" — hul vaste kiesers in die steek laat, want die „vlottende stem" word nie gevang met verhoogde koringprysbeloftes of minimum-lone nie, maar met menslike vooroordele. Die gevolg is dat in alle optredes van die party die oog meer gerig moet wees op die begeertes van die „vlottende stem" as op dié van die werker of boer.**

**OF UIT OF IN**

Die grond van die moeilikheid lê per slot van sake hierin dat die partye hulself verteenwoordig en as sodanig òf in die woestyn òf in die kussings moet wees, terwyl die volk altyd in die woestyn bly — ons hoor hulle dan ook in die parlement praat van „die volk daarbuite". Die volk met sy verskillende natuurlike groepe het geen staanplek in die parlement nie. Daar gesels net die partye en daar besluit net die party in die kussings. Daarom het die behoefte ontstaan vir 'n ware volksverteenwoordiging wat in alle omstandighede die werker, die boer, die professionele dienste, ens. standhoudend sal verteenwoordig — en nie net wanneer een van hierdie groepe in die kussingsis nie en vir die res van die tyd in die woestyn nie.

Die doel van die werkers nou is om nog met behulp van die parlementêre stelsel hul eie verteenwoordiging te kies. **Die werkerskandidaat wat parlement toe gaan in een of ander kiesafdeling, sal beskou word as die verteenwoordiger van alle werkers dwarsdeur die land.** Dit is 'n stap in die regte rigting, maar binne die parlementêre stelsel bly dit onvolmaak, want ook hier is dit nog 'n kansspel — òf in die woestyn òf in die kussings. **Daarom beywer die Ossewabrandwag hom vir 'n hervormde staatstelsel waarin die werker, die boere, ens., permanente, regstreekse verteenwoordiging sal hê. Die verkiesing sal dus nie, soos nou, teen ander belange gevoer word wat enigiets van 'n totale neerlaag — d.w.s. uitsluiting — tot 'n totale oorwinning insluit nie. Die verkiesing sal net binne die eie geledere plaasvind, maar jaar in en jaar uit sal die werkers verseker wees van 'n bestendige verteenwoordiging, al wat wissel sal die persone wees wat hulle aanwys.**

Die huidige stap van die werkers bring hierdie moontlikheid nader, en as die boere hul voorbeeld sou volg, sal die twee sterkste natuurlike groepe by magte wees om die gewenste hervorming grootliks te verhaas.

# Vlot In Eie Hande

Die noodsaaklikheid dat die werkers hul eie verteenwoordiging in die landsregering het, word sterk onderstreep deur die onlangse staking aan die Rand. Die politieke Minister van Arbeid wat sy oog meer moet hou op die belange van sy party en die invloede daaragter, kon geen oplossing vind ses weke lank nie. **Maar toe die stakende werkers gebruik gemaak het van hul medearbeiders as verteenwoordigers by die goudbelange was die staking binne ses dae opgelos en kon die werk hervat word met bevrediging vir alle belanghebbende groepe.**

Dit is 'n treffende illustrasie van die vlotheid waarmee sake gehanteer kan word wanneer belangstellendes en deskundiges op hul eie terreine optree sonder die „hulp" van politieke agentskappe wat in die eerste instansie tog maar hul eie belang oorweeg.

## Vrugte Van Konings-Propaganda

**Die Volksblad, wat lustig meegedoen het aan die koningspropaganda deur op groot skaal berigte en foto's oor die voorbereidings vir die ontvangs van die Britse koning in die Vrystaat te plaas, kan nou sy oes insamel. Na aanleiding van die onthaal van die vorstelike gesin in Bloemfontein, skryf die Sunday Times:**

**„Gesaghebbend is verklaar dat ten minste die helfte van die mense wat op die tuinparty en burgerlike dans aanwesig was, ondersteuners van die Nasionale Party was. Baie min van die aanwesiges het in gebreke gebly om onder die betowering van die eenvoud, opregtheid en bekoring van die koninklike familie te kom".**

# Britse Ryk Deur „Triomf-Ontvangs" Verstewig

**„Brittanje probeer om 'n vrye Empire aan mekaar te sement nou dat die pilare van mag inmekaar tuimel", is die kommentaar van die Amerikaanse blad Christian Science Monitor oor die besoek van die Britse koning in Suid-Afrika.**

Die blad se korrespondent beklemtoon die feit dat die koninklike gesin so'n „diepe indruk" op die Afrikaanssprekendes maak en sê: „Daar is hoegenaamd geen twyfel dat die aantreklikheid van die koninklike besoekers die harte van die mans en vroue van al die partye en alle politieke rigtings gewen het nie, met inbegrip van die uiterste anti-Britse vleuel van die Nasionale Volksparty".

**Die korrespondent voeg egter daaraan toe dat daar 'n harde kern van republikanisme oorbly wat nie sag gemaak kan word nie.**

Die eensgesinde gulhartigheid waarmee Suid-Afrika die Britse koning verwelkom, word in Duitsland vertolk as 'n bewys dat die Britse Ryk nie besig is om te ontbind nie. **Die persdiens van die Duitse Sosiaal-demokratiese Party het 'n waarskuwing uitgespreek teen die opvatting dat die Britse Ryk besig is om ineen te stort. Hy verwys na die „triomfantelike ontvangs" van die koninklike gesin in Suid-Afrika as 'n bewys van hoe sterk die Britse bande werklik is.**

SY TAAK

Hoeveel waarde die Britte self heg aan die koning as versterker van die Empire-konneksie, blyk uit die kommentaar van die Londense Times: **„Dit is die funksie van die koning om al daardie moontlike kragte in die menslike gees wat die broederskap van die Britse statebond bewerkstellig — kragte wat moeilik in woorde beskryf kan word en onmoontlik opgewek kan word deur instellings, hoewel dit geen rede is nie om te soek na instellings wat dit kan bevorder — te simboliseer en DEUR SY TEENWOORDIGHEID TE VERSTERK".**

Versterking van die Britse Ryksbande word dus onomwonde deur hierdie mondstuk van die Britse bewind aangegee vir die koning se teenwoordigheid in Suid-Afrika. Tot hierdie versterking help ook hulle mee wat met hul teenwoordigheid en hul koerante die koning se teenwoordigheid bewierook.

## O.B. Sterk In Wes-Tvl.



**Genl. Opperman**

JOHANNESBURG. — In geselskap van komdt. Du Plessis, plaaslike bevelvoerende offisier, het gebiedsgenl. Gerrie Opperman 'n uitgebreide besoek gebring aan die afdeling Leeudoornstad en Maquassi.

Genl. Opperman het verklaar dat die O.B. in hierdie gebied nog onbetwisbaar sterk staan. **Hy het die noodsaaklikheid van 'n sterk organisasiefonds met die oog op meer intensiewe organisasie beklemtoon.** — (Eie Berig).

## Vergaderings In Wes-Tvl.

Terwyl daar in een afdeling van Schweizer-Reneke, Wes-Transvaal, 'n veelbelowende organisasie onder bevel van komdt. Jacobs in die lewe geroep is, is hierdie afdeling verder in orde gebring deur 'n onlangse besoek van genl. Jan Wentzel en genl. Barry Grobler.

Ter opvolging van die besoek wat deur hierdie offisiere afgelê is, sal op 22 Maart, om 10-uur v.m. 'n vergadering gehou word aan die huis van mnr. Martin Conradie van Fort Weber en in die namiddag 'n vergadering aan die huis van mnr. Brand van Zyl van Vierfontein. Brandwagte en belangstellendes word hartlik uitgenooi om die vergaderings by te woon.

## Groot Fees Op Cedarville

CEDARVILLE.—Op 27 Februarie het Oos-Grikwaland se kommando's saamgetrek op die plaas van mnr. S. de Kock. Hfkmdt. De Kock het die vergadering geopen en gesê dat die Ossewabrandwag honderd persent republikeins is en dit sal bly. Die politieke partye slaan heeldag bolmakiesie.

Mnr. Greyling, hoof van die F.A.K. in Natal, het 'n boeiende rede gehou oor die stryd van die Afrikaansmedium-skole in Natal. In Natal is net twee Afrikaanse skole, die Voortrekkerskool en die C.N.O.-skool. Vyf-en-veertig skole in Natal ontvang regeringsondersteuning maar die regering weier om hierdie twee skole te steun. Spreker het 'n beroep gedoen om fondse vir die stryd.

Genl. E. Cadle het die vergadering gedurende die middag toegespreek. Spr. het die opdraende stryd wat die O.B. gedurende die oorlog gestry het, geskets, en gewys op die prestasie van die Noodhulpfonds. Die Ossewabrandwag het 'n ereplek in ons geskiedenis verwerf.

Gedurende die oorlog moes die regering 45,000 troepe in die land gehou het. Hy was bang vir die O.B., hoewel ons geen wapens gehad het nie.

Die Ossewabrandwag stel geen belang in die Britse koning nie, het spr. gesê.

Gedurende die dag is £81 ingesamel, £2 meer as verlede jaar. Die Boerejeug het ook hul aandeel hierin gehad. — (Korr.)

## Organisasiefonds van Witwatersrand

**In Gebied E (Witwatersrand) is elke kommando besig om aan 'n organisasiefonds te bou, sodat meer voltydse organiseerders in die veld gestoot kan word.**

Die hoofkwartier van die Witwatersrand erken met waardering ontvangs van £300 wat deur twee getroue brandwagte, mnr. en mev. A. J. Nolte, aan die Roodepoorthoofkommando geskenk is ter stywing van die organisasiefonds. — (Eie Berig).

# Boereseun Skep Rekord Met Skipberging

**Deur 'n gestrande skip, die City of Lincoln, wat meer as vier maande op die rotse naby Quoin-punt gelê het, te berg en veilig na die Kaapstadse hawe te sleep, het drie Suid-Afrikaners verlede week wêreldberoemdheid verwerf. Een van die drie ingenieurs was mnr. Gerrie van Zyl, broer van gebiedsgenl. dr. F. D. du Toit van Zyl en seun van mnr. J. J. M. van Zyl van Ladismith. Sy metode om 'n groot bars in die skip toe te maak met watersakke is deur buitelandse deskundiges as uniek in die geskiedenis van berging beskryf. Die hele onderneming word trouens as 'n wêreldrekord beskou.** Die ander ondernemers was mnre. J. Johanssen en F. C. Jameson.

Die bergers is volgens kontrak geregtig op een-derde van die skip se waarde, wat na verwag word, op 'n paar honderdduisend pond te staan sal kom.

# Geen Ander Eerbare Pad Sê Oud-Gevangene

## HULDE BY KLIPKOPPIES

**„Ons kyk terug op daardie leë jare wat altyd 'n nagmerrie sal bly, en vra: Was dit, dit werd? Kon ons nie 'n ander pad gegaan het nie? Vriende, ons kon 'n ander pad gegaan het. Maar, ons kon nie 'n ander *eerbare* pad gegaan het nie," het oud-politieke gevangene, I. L. Ferreira gesê toe hy te Klipkoppies namens die vrygelatenes dank betuig het.**

**Die weg van Eer en Plig het vir ons deur die gevangenisse van ons land gelei, het hy verklaar. Vanaand voel ons innig dankbaar dat ons daardie pad kon volg en dat ons in al die meedoënloosheid van die stryd nie ondergegaan het nie.** En waar ons nie ondergegaan het nie, wil ons nie die hand op eie bors slaan en na onsself verwys nie, maar besef ons terdeë dat ons alleen kan staande bly omdat ons nooit alleen gelaat was nie. U het ons nie in die steek gelaat nie. U almal se belangstelling en kameraadskap was vir ons altyd 'n ligpunt in die nag. Ons kan nooit almal by name noem nie. Daar is die honderde ope deure en warme Boereharte wat vir ons oopgestaan het toe ons soos wilde diere deur ons eie Vaderland gejaag is. Aan hulle almal wil ons ons innige waardering betuig. Ek mag nie nalaat om die groepie dames te noem wat so gereeld vir ons boerekos ingestuur het toe ons nog strafafwagtend was nie.

### BEAMPTES

Dit is ook ons plig om melding te maak van 'n klein aantal gevangenisbeamptes wat ons met die enigste wat ons van hulle verwag het, ordentlikheid, behandel het. Oor die optrede van die meerderheid sal ons nie by 'n feesgeleentheid spreek nie. Aan daardie klein minderheid reik ons die hand van waardering, en sê ons aan hulle: „Dit is mooi om 'n Boer te sien wat Boer kan bly tenspyte van dissiplinêre regulasies wat jou in die harnas teen jou eie bloed dwing".

Ons dink ook met trots aan daardie klein groepie regsgeleerdes wat ons sake behartig het. Namens my kamerade moet ek ook 'n woordjie rig aan elkeen van ons ouers, eggenotes en verloofdes, en elke familiebetrekking, wat saam met ons moes ly. Ons eer u, Vrou en Moeder!

### NOODHULP

En nou, vriende, kom ons by 'n Organisasie wat baie na aan ons hart lê — Die O.B.-Noodhulpfonds!

Dit was u en alle brandwagte en vriende wat daardie fonds gedra en in stand gehou het. Ons moet u bedank vir daardie edele werk van naasteliefde wat u so trou nagekom het. U het deur Noodhulp ons leuse: **„Elk is my broer se wagter", prakties uitgeleef, en u het daardeur 'n monument gebou wat vir geslagte wat kom 'n inspirasie sal wees. U het 'n daad verrig wat net ons wat in die verknorsing was na waarde kan skat.**

Des te meer het ons seer gevoel toe daar mense was wat skaamteloos genoeg was om hierdie edele werk te ondermyn. Die naam van genl. prof. Cronjé is onafskeidbaar verbonde aan Noodhulp. As hoof van Volksorg het hy self vir ons daar kom opsoek en alles vir ons gedoen wat hy kon. Hy het ons a.mal se vriend geword wat gedeel het in ons intiemste geheime, en hy het dit altyd met die grootste respek en simpatie behandel.

### SOOS 'N BERG

En dan ten slotte, geagte vriende, wil ons bedank ons geliefde Kommandant-generaal, dr. Van Rensburg.

Soos 'n berg verrys hy bo al die ander wat ons genoem het. **Niemand het in hierdie tyd ooit nader aan ons gestaan as juis hy nie.** Hoe sal ons hom bedank, want woorde kan ons so moeilik vind. Maar laat my een en ander aan u meedeel dat u self kan sien wat hy vir ons beteken het.

Toe Visser en Van Blerk ter dood veroordeel is, was sommige mense rasend daaroor. Hulle het nie alleen die saak van platform tot platform bespreek nie, maar hulle ook openlik verloën deur luidkeels aan te kondig: „Dis nie ons mense nie". Ons sou dit graag liewer wou verswyg, maar daardie woorde het soos 'n priem ons harte deurboor; dit het ons diep verneder voor ons vyande, en dit het daardie twee man in die uur van hul hoogste nood totaal verbrysel.

### LIG

**Maar in daardie donkerste uur van hul beproewing het daar ook vir hulle 'n lig deurgebreek, toe ons K.G. se boodskap gekom het: „Hou goeie moed! Julle is my broers, en ek is my broers se hoeder". Generaal, u het op daardie oomblik 'n plek in ons harte verower wat deur geen ander mens geneem kan word nie! Dit was op daardie oomblik dat ons geweet het daar het weer 'n Christiaan de Wet onder ons volk opgestaan!**

Dit was toe dat ons geweet het dat met 'n leier soos hy ons moet wen en met daardie geloofsoortuiging staan ons vanaand hier voor u.

Vriende, ken u ons K.G.? Ken u hom soos wat ons hom ken? Nee, ek glo nie, want hy het vir u toe u tot 10 en 15 jaar, ja tot die dood veroordeel was, u bloedverwante gaan opsoek vir vertroos nie. **Hy het nie vir u 'n belofte gemaak, en dit nagekom, dat eerder hy sal hongerly as u afhanklikes nie! Nog meer:** Hy het nie vir u voor die tronkdeure van Sentraal omgedraai omdat vyandige mense hom nie by u wou toelaat nie! En wat gebeur toe? Toe hulle hom nie wou toelaat nie, toe kom mevrou Van Rensburg, hulle dogter en seun vir ons kuier!

### MEV. VAN RENSBURG

Ons wil ook aan haar hulde bring, en haar bedank vir wat sy vir ons gedoen het. Ons weet dat ook sy die moderne geriewe van 'n Administrateurswoning vaarwel gesê het vir die stofpad van Suid-Afrika — 'n pad wat dikwels blootgestel is aan die modderbomme van politieke fluisteraars. Ons waardeer u, mevrou! Ons waardeer dit dat u 'n aktiewe aandeel neem in ons volk se stryd.

En nou vriende, kan dit nie net by hulde betoon, handegeklap en Hosannas bly nie. **Ons as groep is vanaand hier om weer trou te sweer aan ons K.G. en aan u. Om aan hom te sê dat ons gereed staan vir diens. Ons moue is reeds opgerol en ons sien uit na die dag van more om te begin.**

Ons wil op almal 'n beroep doen om heftiger as ooit die stryd aan te pak, ons arbeid te doen, ons offers te bring, om hom sodoende in staat te stel om ons tot oorwinning te voer.

**HUISLOSES.** — Die aantal huisloses in Kaapstad het die afgelope maand met 473 toegeneem. Daar is nou 7,767 persone wat aansoek gedoen het om huisvesting. In hierdie omstandighede het tussen 400 en 500 immigrante verlede week met die Carnarvon Castle in Kaapstad aangekom.

# A.K.G. SIEN NUWE LEWE

**Adjunk-K.G., J. A. Smith en hoofkomdt. S. J. Kamffer, stafhoof van Wes-Kaapland, het so pas 'n geslaagde reeks vergaderings in die afdeling van genl. Francis Robertson gehou. Genl. Smith het vergaderings toegespreek te Diepkloof, Grootbrakrivier, Middeldrif, Rus-in-vrede, George en Knysna.**

By geleentheid van Vryheidsdagviering te Diepkloof het die A.K.G. 'n besielende boodskap tot die aanwesiges van wie 'n groot aantal nie O.B.'s was, gerig. Persone uit alle groepe het lustig aan die fees deelgeneem. 'n Geweldige Vryheidsvuur het hier gebrand. Die opkoms was besonder goed. Ook te Middelrug waar die A.K.G. opgetree het, was daar heelwat belangstelling.

### NUWE LEWE

Die besoek van die A.K.G. aan Rus-In-Vrede, Knysna, het nuwe lewe onder die lede van die O.B. gebring. Mense wat lank nie funksies van die O.B. bygewoon het nie, het hulle opwagting gemaak en genl. Smith persoonlik bedank vir sy besoek en manier van optrede.

Die opkoms op George was teleurstellend. Die Adjunk-K.G. het in sy toespraak verwys na die feit dat George etlike duisende ponde vir die „People of Britain Fund" gegee het, maar dat daar geen merkbare verbetering in die landbou, besproeiing, ens., van George aangebring is nie. Dit is 'n skelle kontras.

Op Oudtshoorn is 'n groot vergadering van tussen drie- en vierhonderd mense toegespreek. 'n Afdeling van die O.B.-wag het die A.K.G. te fiets buite Oudtshoorn ontmoet. Dit was die eerste keer dat hulle so in die publiek optree.


'n WAARBORG . . .

Produkte wat deeglik gemaak is, is altyd 'n voordelige belegging . . . Volg die voorbeeld van duisende beleggers—koop Kommando-sigarette.




RONDE
Kommando
-SIGARETTE
OOK OVAAL VIR DIEGENE WAT DIT VERKIES
B.H. 2369


## KO-OPERATIEWE WIJNBOUWERS VERENIGING VAN ZUID-AFRIKA, BEPERKT.

(Geregistreer kragtens die Wet op Koöp. Verenigings, 1939).

### KENNISGEWING AAN LEDE INSAKE INTREKKING VAN AANDELE.

Lede wat hul wynboerdery opgegee het en wat begerig is om hul aandele kragtens die bepaling van Artikel 21 van die Statuut van die Vereniging te laat intrek (waarna die K.W.V. die nominale waarde van 10/- per aandeel aan hulle sal uitbetaal), word versoek om sonder versuim met die Hoofkantoor skriftelik daaromtrent in verbinding te tree.

Sodanige intrekking kan egter slegs deur 'n besluit van die lede op 'n algemene vergadering geskied en aangesien die Algemene Jaarvergadering van die Vereniging binnekort gehou sal word, moet alle aansoeke vir intrekking van aandele tesame met die betrokke sertifikate die Hoofkantoor van die Vereniging, Posbus 528, Zuider-Paarl, voor 30 April 1947 bereik.


Lyk Hierdie Jaar Op U Beste!!
Ons bied die Allerjongste oggend- en middagrokke aan.
Lo- en Fremode Kostuums - - -
VAN ZYLS
Hoofstraat - - - Paarl


# OSSEWABRANDWAG

BELANGRIKE

## OPENBARE VERGADERING

STADSAAL — STELLENBOSCH
SATERDAG, 22 MAART
om 8-uur n.m.

SPREKERS:

DIE KOMMANDANT-GENERAAL
DIE ASST. KOMDT.-GENERAAL

*Elke offisier en brandwag in die omgewing gaan teenwoordig wees en gaan ook 'n paar vriende saambring!*

# GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1½d. per woord; minimum 3/- per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**
Enkel plasings (vooruitbetaalbaar) 2d. per woord. Minimum 4/- per plasing. 2 tot 26 plasings (vooruitbetaalbaar) 1½d. per woord, minimum 3/- per plasing. 52 agtereenvolgende plasings: 1d. per woord, minimum 2/6 per plasing. Plasings tot kansellasie, 1½d. per woord, minimum 3/- per plasing.

**Intekengeld op „Die O.B."** (verskyn weekliks): 10/- per jaar of 5/- vir 6 maande. Vooruitbetaalbaar. — Stuur advertensiebestellings en intekengeld na: **DIE O.B., Posbus 28, Stellenbosch.**

### GEBOORTE

PRETORIUS. — Aan Wagkaptein en mev. Pretorius, van Kroonstad, 'n fris seun op 4 deser. Lank lewe die Boerebabas. 19/2/1B

### VERLOWING

LOTZ—VAN ROOYEN. — Die verlowing word bekend gemaak van Monica, enigste dogter van mnr. en mev. R. P. van Rooyen, en Bennie, enigste seun van mnr. en mev. J. O. Lotz, albei van Brooklyn. Lank lewe die K.G. 19/3/1

### DOODBERIG

ROSSOUW. — Nadat sy slegs vyf weke aan ons geleen is, is ons dierbare dogtertjie, Elizabeth, skielik op 11 Maart opgeroep vir hoër diens. Nou pryk sy in die Hemelse Tuin. — Haar verlangende Ouers en Sustertjies. 19/3/1

### IN MEMORIAM

KILLIAN. — Ons dink weer vandag met diepe verlange terug aan 17 Maart 1944, toe ons vir altyd moes afskeid neem van ons dierbare liefling, Simon.

Ons wat weet wat jy gely het,
Gun jou die rus wat jy geniet.
Eenmaal sal ons wel verstaan
Waarom jy so vroeg moes gaan.
Gesang 13 vers 4.

— Sy verlangende Ouers, Broer en Suster.

### AGENTSKAPPE

**VAN RIEBEEK TRUSTMAATSKAPPY BEPERK**, Voortrekkerweg, Bellville, bied sy bekwame dienste aan wanneer u eiendomme wil koop of verkoop, met geldbeleggings, verbande ens. Doen aansoek by POSBUS 48. Foon 9-7222. 27/11/Tk

### BETREKKING VAKANT

STOORMAN. — Motorspaardelestoorman. Groot en vooruitstrewende onderneming. Uitstekende vooruitsigte vir regte persoon. Moet kennis hê van motorparte, reklame en inkope. Indien moontlik gedurende Maart diens te begin. — Doen aansoek: ROELOU BARRY (EIENS.) BPK., Robertson. 5/3/3

PANEELKLOPPER. — Eersteklas man. Bereid goeie loon te betaal. Huis beskikbaar. — Doen aansoek: ROELOU BARRY (EIENS.) BPK., Robertson. 12/3/3

### BENODIG

PLAASVOORMAN. — Ongetroude plaasvoorman met ondervinding van wingerd en saaiery. Moet sober, eerlik en gesond wees, met kennis van vragmotor en trekkers. Meld salaris verlang en vroegste datum waarop applikant kan begin. Goeie vooruitsigte vir regte persoon. Plaas geleë in die Riebeeck-Kasteel-afdeling. Tree in verbinding met: J. F. J. DU TOIT, Posbus 96, Malmesbury. 19/3/2

Betrekking Vakant

BOEKHOUER-KANTOORKLERK vir takkantoor van vooruitstrewende motorbesigheid. Uitstekende vooruitsigte vir regte persoon. Moet in staat wees om volle stel boeke te hou. Meld kwalifikasies, ouderdom, vorige ondervinding, salaris verlang en vroegste datum waarop diens aanvaar kan word. Applikasies aan: ROELOU BARRY (EDMS.) BPK., Robertson. 19/3/3

### BOME, PLANTE EN SAAD

AARTAPPELS. — Pragtige gesonde, vars graad I-tafelaartappels teen 20/- per 153 pd., 10/6 per 80 pd. of 4/9 per 35-pd.-sakke. V.O.S. Bethlehem. Ek waarborg tevredenheid. Leë sakke terug. — S. W. RABIE, Kommandant, Bus 328, Bethlehem. 26/2/TK

BESTE GESERTIFISEERDE SAAD: Detroit Beetsaad 7/-; Chantenay Wortelsaad 10/-; Suiderkruis en Reliance Blomkool 16/-; Spitzkopkoolsaad 8/-; Blaarslaai 17/6. Uie: Australiese Bruin 6/6; Silver King 9/-; Kaapse Plat 7/6; Tamaties: Marvel 20/-; Marglobe 32/-. Van Zyl Bone 115/- per 200 pond. Volledige pryslys verkrygbaar van PREMIERS, Schoemanshoek, Oudtshoorn. 11/12/Tk

HERHOLDT se geakklimatiseerde Vrugtebome en Rose groei, dra en stel tevrede vanaf Kaapland tot Zambesi, maar.... die aanvraag is groot en onmiddellike bespreking is noodsaaklik vir Julie-Augustus-planttyd. Pryslyste gratis. — HERHOLDT SE BOOMKWEKERYE, Posbus 660, Johannesburg. 19/3/TK

LUSERNSAAD. — Nuwe oes, standaard-gehalte, vry van dodder. Hunter's River tot 100 lbs., 1/6 per lb., £12-10-0 per 200 lb.-sak. Provence, 1/4 per lb., £11-15-0 per sak. Kontant met bestelling. Wêreld se beste Groente- en Blomsade. Geïllustreerde Katalogus gratis. — HERHOLDT SE SAAD-DEPARTEMENT, Posbus 660, Johannesburg. A/19/3/TK

LUSERN aangebied teen markprys. Telegrafeer hoeveelheid nodig en ek sal prys opgee, gelewer Eastpoort. K.M.B. — N. WIENAND, Pk. Eastpoort. 26/2/8

NEW MOON-SAAD. — Regering-gesertifiseerd. Onmiddellike aflewering. Beet: Detroit Dark Red 7/6; Flat Egyptian 7/6; Uie: Early Cape Flat 7/6; Australian Brown 6/6; Copper King 10/-; Silver King 12/-. Tamaties: Marvell 17/6; Marglobe 32/6; Beauty 32/6. Wortels: Chantenay 8/6. Groen Hubbard Squash 11/6; New York Lettuce 17/6; Anys 4/6; Koljander 1/6; Early Fortune-Komkommer 8/6. Alles per pond. Pronkertjies, gemengde kleure, 1/3 per ons. — Skryf aan: NEW MOON SEEDS, Posbus 116, Graaff-Reinet. 5/3/4

UIESAAD. — Eersteklas gesertifiseerde Uiesaad, Vroeë Kaapse Plat Geel 8/- per pond; Australiese Bruin 6/6 per pond. Posvry. K.M.B. — GERT VAN ROOYEN, Louterwater, Uniondale. 12/3/TK

VARS GESERTIFISEERDE GROENTESAAD. — Per ¼ pond, ½ pond en 1 pond: Spanspek, 4/-, 6/-, 10/-, Tom Watson- en Wonder-Waatlemoen 4/-, 6/-, 10/-. Tamaties, Beauty en Marglobe, 9/-, 17/-, 32/6. Australiese Bruin Uie, 6/-. Vroeë Kaapse Plat Uie, 7/6. Detroit-Beet 7/6. Plat Egiptiese Beet, teen 7/6 pond. Chantenay wortel, 7/6 per lb., ½ lb. 4/9. Volledige pryslys van: KAROO-SAADVERSPREIDERS, Posbus 107, Oudtshoorn.

### GEMENG

ELEKTRESO (Edms.) Bpk. elektrisiteits- en werktuigkundige ingenieurs. Hoofweg 30, Bellville. Vir herstelwerk aan alle elektriese huisbenodighede, ankerwikkeling; elektriese herstelwerk aan motors, draai- pas-, sweis- en herstelwerk aan alle plaas- en ander gereedskap. Telefoneer 9-7223. 27/11/Tk

DRAAI-, PAS- en SWEISWERK en die oprigting en instandhouding van fabrieks- en ander masjinerie word onderneem deur GELDENHUYS SE INGENIEURSWERKE, Wynnestraat 13, Parow. Diens gegrond op 30 jaar praktiese ondervinding. — Eienaar: D. J. Geldenhuys. Foon 989139.

DEKRIET. — 25,000 bosse, 9—10 dm. rondom. Meld prys en besonderhede van aflewering aan: Ds. E. C. ANDERSEN, Hoofweg, Ceres. 12/3/2

SKOENREPARASIES. Ondersteun u mede-Afrikaner en wees verseker van die beste dienste by VOORTREKKER SKOENHOSPITAAL, Langstraat 291, KAAPSTAD. Foon 30164. 4879/26

VAN'S CONCRETE PRODUCTS. — Terazzo Kombuis- en Handwasbakke, Baddens, Septiese Tenks, Pilare, Vloerteëls, Voertroë. Enigiets in beton. — Direkteure: P. W. en P. G. VAN HEERDEN, Potgieterstraat 258, PRETORIA.

### GENEESMIDDELS

ASMA-LYERS. — Herwin volkome gesondheid. Duitse kliierstowwe maak vertraagde kliere werksaam en verwyder oorsaak en siekte. — Besonderhede, AFRIKAANSE AGENTE, Carnegie, Plek 4, DURBAN. 7207/4/B

BLY JONK.—GRYSHAARWONDER. Die nuutste wêreldwonder teen grysheid waarborg herstel van gryshare vir goed tot natuurlike kleur. 5/- per bottel posvry. Geld met bestelling. — Skryf: BOEREGENEESMIDDELS, Posbus 4272, Johannesburg.

BEHANDELING GRATIS. — Ons is daar so oortuig van dat ons 'n egte Suid-Afrikaanse geneesmiddel vir Rumatiek, Lendepyn, Heupjig en verwante kwale ontdek het, dat ons 'n gratis proefmonster aan enige lyer sal stuur. — Stuur 1/- vir posgeld ens., aan: ANDREWS SE PYNPLEISTERS, Posbus 775, Pretoria.

### HAARKAPPERS

Vir 'n eersteklas haarkap besoek ELS'S HAARKAPPER SALON, Kempstonweg 223, Berry's Hoek, Port Elizabeth; sowel as vir al u weelde-artikels, eetgereedskap, juweliersware ens. 27/11/26B

### HORLOSIEMAKERS

DESKUNDIGE HERSTELWERK aan Horlosies. Alle werk word gewaarborg en spoedige aflewering. — P. PRETORIUS, Keeromstraat 18, Kaapstad. (Voorheen Kerkstraat 69). Foon 2-5454

VIR HORLOSIEREPARASIES spreek STEYN, posbus 3531, Kaapstad. Private adres en voorlopige werkswinkel: Joubertstraat 37, VASCO. 5566

### HOTELLE

MAJESTIC HOTEL, Ceres (Eienaar J. W. Brummer) Foon 114). Kom geniet 'n heerlike vakansie in 'n rustige landelike omgewing. Uitstekende dienste, etes en slaapplek. Steeds tot u diens! 4878/52

### KLEREMAKERS

Vir 'n goeie pak klere of kostuum kom na 'n eersteklas snyer F. C. HAGEN, Voortrekkerweg 74, PAROW. 5605/52

SWART, voorlopig hoek van Merriman en Cookstrate, VASCO. Die Kleremaker met 'n reputasie. Hou dop vir sy nuwe adres.

### LOOIERY

VELLE word bewerk na keuse, d.w.s. in leer goed vir tuie, saal, oorleer, ens. Vir besonderhede skryf aan: L. B. SIEBRITZ, J/seun, Franschhoek, K.P. 19/3/TK

### TE KOOP

SOUT. — Aandag Boere!! Ek vra u vriendelike ondersteuning. A1 £2-19-0; No. 1 £2-14-0; Veesout No. 2 £2-9-0 per ton. As dit moontlik is, stuur leë sakke terug. 1/- afslag per sak. — MEV. F. DE BEER, Pk. Florisbad. 5/2/8B

U ondersteuning Brandwagte!! Sout te koop: A1 59/-, No. 1 54/-, No. 2 49/- per ton. K.M.B. Ex-Soutwerke. J. H. VENTER, Vaalbank, Pk. Florisbad. 32B

TE VERRUIL. Pragtige ruim woning op die Paarl vir 'n woning op Stellenbosch. — Doen navraag by HUIS, p/a. Posbus 28, Stellenbosch.

### TE KOOP GEVRA

BENE. — Die voorsiening van beenmeel is kort. Alle persone wat toegang tot bene het, word ernstig versoek om dit sonder versuim aan ons te stuur. Ons betaal £7 per ton (7/- per 100 pond) vry op spoor u stasie of sylyn. Dit is noodsaaklik dat adviesbriewe gepos moet word as bene gestuur word. Spoedige betaling word verseker. Leë sakke word VRY teruggestuur. Ons voedingsvoorsiening hang af van die voorsiening van beenmeel. — S.A. HUNT BEENMEEL- EN KUNSMIS-MAATSKAPPY, Warrenton.

### TE KOOP AANGEBIED

BRANDHOUT. — Swartwattel, gesaag in blokkies 1 vt.-lengte, gelewer in trok Outenikwa-Halte. — H. H. MEYER, Kleinfontein, Pk. Sinksabrug, George. 19/3/TK

### RADIO

LOUW EN LOUW, die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteits aannemers. Foon 9-8435

### TUIE

TUIE van gebreide beesvel vir kar, wa of ploeg met Bokvelriempies gewerk en Kipleervoering. Alleen die beste materiaal word gebruik. Pryse billik. V.O.S. Kalabaskraal. Al die eerste pryse behaal op die Moorreesburg-, Porterville- en Malmesbury-tentoonstellings. Skryf om besonderhede. — J. A. LOUW, Tuiemaker, Philadelphia. 5/3/3B

# 12 MILJOEN POND SEEP UITGEVOER

**„Waar is ons seep?" het huisvroue die afgelope maande gevra wanneer hulle telkens met leë hande van hul handelaar moes omdraai. Hier is die antwoord: Gedurende die jare 1944 en 1945 het die Unie nie minder as byna 12,000,000 pond seep na die buiteland uitgevoer.**

Hierdie syfers kom voor in die 1945-jaarverslag van die handel en skeepvaart.

VOEDSEL

Groot hoeveelhede skaars voedsel het ook by ons poorte uitgestroom. Voedingsmiddels ter waarde van byna £17 milj. is gedurende die twee jaar uitgevoer. Onder meer sluit dit in: 69,988 pond botter, 512,022 pond kaas en 173,737,527 pond suiker.

# *Sloerstaking In Spoorweë*

Die Vereniging van Vakmanne van die Suid-Afrikaanse Spoorweë wat meer as 10,000 lede tel, het besluit om vanaf 26 Maart te begin met 'n sloerstaking. Oor-ure en bonuswerk sal gestaak word, behalwe in die gevalle van treinontsporing en ongelukke waar die lewe van mense en diere in gevaar is. Die rede vir die ontevredenheid is omdat die vakmanne nie dieselfde voordele as ander spoorwegamptenare ontvang het met die verhoging wat verlede jaar van krag geword het nie.

# Nog 'n Geveg By Koningsonthaal

## Gaste Plunder Hooftafel

**Die geveg van die „society women" van Kaapstad op die staatsdans wat ter ere van die koning in die Kaapstadse stadsaal gegee is, se naklanke het nog nie in die pers weggesterwe nie. Nuwe voorvalle van onbeskoftheid word ook verhaal.**

**Onthou sal word dat die dansende vroue teen die end van die dans amok gemaak het toe hulle hul pelsmantels wou gaan haal het. Dit het 'n woeste geveg afgegee waarin hulle mekaar lelik te lyf gegaan en die een die ander se mantels onder die voete vertrap het.**

Arthur Barlow se weekblad praat van die affêre as „die Slag van die Mantels", en hou dit voor as 'n vermaning aan sy lesers om tog nie hul selfbeheersing in teenwoordigheid van die koning te verloor nie: „Meisies, moenie vergeet dat julle miskien met die regte aksent mag praat, julle mag miskien so deftig soos 'n orgidee lyk, julle mag miskien die duurste stuk pels dra wat nog ooit van 'n dier se rug geskeur is, dog as dit maar net vernis is, kan julle nie jul kolle verander nie — net soos 'n ander oerwoud-kat".

**Die blad verklaar dat dit byna ongelooflik is dat oënskynlik beskaafde vroue kan skreeu, mekaar kan beveg en krap in 'n poging om hul pelse in hande te kry.**

Die Cape Argus het veertien dae na die voorval berig dat daar nog ses duur mantels in die stadshuis lê. Die eienaresse was blykbaar te skaam om dit die volgende dag te gaan haal.

NOG 'N GEVEG

**Hierdie ontpopping van die „Society"-gees was egter nie die enigste barbaarse voorval tydens die koning se besoek in Kaapstad nie. Die Forum berig van iets dergeliks by geleentheid van die tuinfees ten huise van die Goewerneur-generaal. „Die koning en koningin het nouliks van hul sitplekke af opgestaan om met 'n paar van die gaste te praat, of hul tafels is bestorm en in 'n wilde geworstel gestroop van alles wat dit bevat het".**

Die blad verhaal ook van 'n persoon wat £200 aangebied het aan enigiemand wat hom van 'n kaartjie na die tuinfees wou voorsien. Sy vrou het reeds al die nodige klere gekoop, maar sy het nie 'n uitnodiging ontvang nie!

# *Onluste In Lokasie*

Honderde naturelle het verlede week deelgeneem aan onluste in die Langa-lokasie, Kaapstad, toe hulle ook op mekaar geskiet het. Dit is beskryf as die ernstigste wat nog ooit in daardie lokasie plaasgevind het. Meer as sewentig konstabels moes met knuppels ingryp om die opstandiges tot bedaring te bring, nadat 'n dertigtal vroeg die aand ongewapend hulself moes verdedig en ter nouernood aan uitwissing ontkom het. Die moeilikheid het ontstaan oor die voorneme van die stadsraad om 'n biersaal in die lokasie op te rig. Die naturelle sou verkies om die bier self tuis te brou.

# *Listige Propaganda*

Die Engelse pers het groot ophef gemaak van 'n oud-rebel" wat so onder die indruk van die koning sou gekom het dat hy sy geskiedkundige gordel afgehaal en aan die koning present gegee het. Die bedoeling is natuurlik om by wyse van 'n voorbeeld die verset van oudstryders te breek, en sodoende die Britse konneksie te verstewig. Ons verneem egter van persone wat die „oud-rebel" ken, dat hy sedert jare al 'n geharde Britsgesinde is met 'n Engelse vrou, en dat selfs die Engelse wat hom ken, dit as 'n groot grap beskou.

# Medewerking Van Korrespondente

**Met die oog op toekomstige ontwikkeling word 'n dringende beroep op alle kommando's gedoen om bekwame korrespondente uit hul geledere aan te stel wat ten nouste met die redaksie van Die O.B. sal saamwerk ten einde die hoogste nut en bevrediging uit ons orgaan te haal.**

Sodanige korrespondente moet asb. hul adresse aan die redaksie stuur, sodat wanneer nodig, met hulle geskakel kan word. Korrespondente moet asb. sorg dra om hul verslae, foto's, ens., dadelik aan die redaksie te stuur na afloop van die gebeurtenis.

Om berigte veertien dae na afloop van 'n vergadering te stuur, het geen waarde vir publikasie nie.

Berigte moet gerig word aan: Redakteur, Die O.B., Kamer 703, Groote Kerkgebou (of Posbus 1411), KAAPSTAD, en nie na Stellenbosch nie.

ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS

# AMNESTIE ?

(Na aanleiding van 'n gebeurtenis in Pretoria, 26 Februarie)

Deur S. J. DE JONGH

Toe 'n bewaarder eindelik op 26 Februarie 1947 om tien minute voor vier in die middag vir Dirk die poort van die Sentrale Gevangenis in Pretoria oopsluit, het 'n skielike skuheid die gevangene gepak. Vir meer as vier jaar is die vryheid.... die oorstap oor daardie drumpel.... 'n verbode begrip gewees en vir die oomblik voel hy of hy vir die oorstap moet terugdeins.... of een of ander bitsige bevel hom sal aanbrul as hy die stap sou doen. Toe tree hy langsaam, met die koffer in die regterhand en in sy linkerhand sy hoed, oor die drumpel, uit die Sentrale Gevangenis uit.

> *Dis vir Die O.B. 'n voorreg om sy lesers iets te bied uit die hand van die skrywer van die opspraakwekkende boek SONDER GEWERE.*

Vir die eerste keer sedert 1942 weer.... v r y !

Buitekant, regoor die poort aan die ander kant van die asfaltstraat, sien hy 'n groep mense staan.... mans en vrouens en ook 'n paar kindertjies. Langsaam stap hy en sy oë soek die gestalte van 'n jong vrou met haar dogtertjie.... hulle sal wel vir hom staan en wag.... êrens onder hierdie klompie mense wat anderkant die straat staan.

Sy oë soek en soek, en met elke langsame tree kom hy nader; sy moet tog hier wees, sy wag al so lank en sy.... ag dank God....! Die gevangene van so-ewe laat sy hoed val en hy sit sy handkoffer stadig, stadig neer .. hy staan botstil, asof vasgewortelд aan die middel van die straat.... halfpad tussen die poort wat nou weer fronsend toegegaan het en die klompie mense oorkant die straat....tussen die poort en h a a r ! Sy soekende oë het haar gevind, haar en die dogtertjie wat sy aan die hand krampagtig vashou en die dankbaarheid oorweldig hom so dat hy net stil staan en staar... Niks sien hy nie, geen mense of vrye wêreld, niks anders as sy vrou en sy dogtertjie wat al die jare vir hom gewag het en gebid en geween het!

Alle oë is op sy gesig gerig, maar hy sien niemand nie behalwe die twee geliefdes na wie hy soveel jare verlang het.

Sy, op haar beurt, staan met bloedleë gesig en staar hom aan ....haar man....die vader van haar dogtertjie .... eindelik weer vry. Bleek en spierwit is haar wange, om dan weer met 'n gloed oorstelp te word.. wat dan weer wyk vir die bloedleë blankheid....

Vir die oomblik voel sy of dit donker voor haar oë word ....of sy in onmag inmekaar kan sak....dan trek sy vinnig die asem in en sy snel vorentoe en soos Dirk sy arms stadig wyd-oop maak, sak sy op sy bors....die dogtertjie nog altyd krampagtig aan die hand vasgehou.

Die mense aan die oorkant van die straat, tussen wie sy nog enige oomblikke gelede gestaan het, besef dat hulle op gewyde grond staan. Die spanning van twee siele wat na die jarelange foltering mekaar weer vind, strek ook oor die harte van die toeskouers. 'n Doodse stilte hou almal bevange.

Dirk tel sy dogtertjie op en sy hang om sy nek....asof sy besef dat sy nie meer 'n wesie is nie; sekondes lank hang die oudjie vas en stewig, met die handjies heg in mekaar gevleg, om haar vader se nek. Met die een arm hou hy haar om haar lyfie; die ander arm is om sy vrou.

Dan, asof hy nou eers weer kan beweeg, sit hy die dogtertjie neer, tel die handkoffer op stap na die vriendekring toe. Onder hulle staan die paar staf-offisiere van die Ossewabrandwag wat daar is om hom en die ander na hul bestemmingsoorde te vervoer en wat hy jare ken as manne wat hom in die gevangenis kom besoek het.

Hy sit sy handkoffer neer, los stadig sy jong vrou se hand en ruk homself reg.

Met ferme tred stap hy na die senior-offisier teenwoordig, kom voor hom op aandag, gee die SJ-saluut, en sê:

„Generaal, ek is weer vry en — ek rapporteer vir diens!"

## Skending Van Monumente

**Na aan Die O.B. berig word, is die burgermonument ter ere van die gesneuweldes van die Tweede Vryheidsoorlog op Utrecht geskend en op liederlike wyse toegetakel. Dieselfde het ook gebeur, na verneem word, met die gedenkteken ter ere van komdt. Gideon Scheepers op Graaff-Reinet.**

**Mens ken 'n boom aan sy vrugte — ook die boom van 'n koninklike toer.**

## L.V. Sou £10 Ontvang Het Van Kieser

**Briewe waarin aangetoon word dat mnr. A. Goldberg, volksraadlid vir Durban, 'n fooi van tien ghienies van 'n kieser sou aangeneem het vir werk wat hy in sy hoedanigheid as lid van die raad gedoen het, is verlede week deur mnr. J. S. Marwick, L.V., in die volksraad ingehandig.**

Altesame het mnr. Marwick drie briewe voorgelees. Hy wou nog meer voorlees, maar die Speaker het verklaar dat dit nie nodig is nie.

In een van die briewe skryf die firma Cowly en Cowly met verwysing na hul kliënt, R. Bhagwan, aan mnr. Marwick: **„Uit hierdie brief sal u opmerk dat mnr. Goldberg, L.V., 'n bedrag van £10-10-0 gevra het, nie as prokureur nie, maar in sy hoedanigheid as Volksraadslid, om 'n onderhoud met 'n Minister te hê."**

Die firma versoek mnr. Marwick verder om hierdie saak voor die parlement te bring aangesien dit „onparlementêr vir 'n volksraadslid is om betaling te ontvang vir parlementêre werk behalwe die salaris wat hy as volksraadslid ontvang."

In 'n brief aan Cowly en Cowly erken mnr. Goldberg dat hy „as volksraadslid" dienste gelewer het teen betaling van 'n fooi van 10 ghienies. Die dienste het bestaan uit 'n onderhoud met 'n minister.

# Vriendskap-Sentrum Kaapstad

Die Sentrum-komitee nooi alle Brandwagte, Offisiere en vriende om die Vriendskap-Sentrum te kom besoek wanneer u in die stad is.

Hier ontmoet vriende en lede van die platteland en die stad mekaar; en die vriendelike kommandante wat so getrou op diens is, sal u altyd tuis laat voel.

Dit is ons eie Sentrum, en hier kan u kom om te rus na u al u inkopies gedoen het, of u kan hier gesellig kom verkeer met u vriende. Op Dinsdae en Donderdae is een of ander kommando op diens en verskaf dan tee, koffie, ens., aan alle besoekers.

Die Sentrum is 'n bron van inspirasie, en hier word bande van vriendskap gesnoer wat u lewe lank sal voortduur; ook sal u hier vind die vriendelikheid wat altoos die kenmerk van ons Beweging is.

Kom vriende, maak meer gebruik van hierdie Sentrum van ons, en wees verseker dat u altyd hier welkom is, en tuis sal voel.

Onthou nou wanneer u in die stad is, besoek die Vriendskap-Sentrum, 6de Verdieping, Groote Kerk-gebou, Kaapstad.

## Indiërs Moet Trap Uit S.A

Vierhonderd afgevaardigdes op die Transvaalse boikotkongres wat op 12 Maart in Vereeniging plaasgevind het, het eenparig besluit dat blank en nieblank in die land moet saamwerk om die Indiërs uit Suid-Afrika te kry. Daar is aangedring dat geen blanke by 'n Indiër moet handel nie. Die kongres het ook die mening uitgespreek dat geen verdere handelslisensies aan Indiërs toegeken moet word nie.

'n Aksiekomitee bestaande uit prof. G. Cronje, mnr. F. Jacobs, prof. F. J. Labuschagne, dr. J. Loock en mev. D. C. Malan is gestig om die saak verder te voer.

# V.S.A. Stel Paal en Perk aan Rusland

**Amptelike oorname van die bankrot boedel van Britse imperialisme en 'n uitdaging aan Russiese wêreldimperialisme was die wese van 'n versoek wat pres. Truman verlede week voor die Amerikaanse kongres gelê het toe hy magtiging gevra het vir die stuur van militêre en siviele presoneel na Griekeland en Turkye en hulp ter waarde van £100,000,000 om hulle van ondergang te red. Hy het verwys na die kommunistiese bedreiging in genoemde lande, en gesê dat die V.S.A. klein landjies teen buitelandse druk moet beskerm.**

Die toespraak het soos 'n bom geval in die vredeskonferensie wat tans in Moskou tussen die groot moondhede oor Duitsland gevoer word. Na verwag word, sal Amerika ook nou deegliker rekenskap eis van Russiese optrede in Oos-Europese state waar kommunistiese minderhede 'n skrikbewind voer.

Die vervanging van Britse deur Amerikaanse hulp in die Nabye Ooste, is 'n bewys van die bankrotskap van Groot Brittanje as 'n wêreldmag. Britse troepe verlaat Griekeland aan die einde van Maart.

# INDIERS OORTREE REGULASIES

**Statistieke van die howe in Suid-Afrika toon dat dit veral Indiërhandelaars is wat die prysbeheer en ander regulasies in verband met die besit en verkoop van skaars ware oortree.**

Sedert die Jutebeheerregulasies van krag geword het, is daar 42 persone weens oortreding van hierdie regulasies skuldig bevind. Twee-en-dertig van hulle was Indiërs; die res het bestaan uit Joodse en Chinese handelaars. Daar was slegs twee gevalle waar blanke handelaars hulle vergryp het. Laasgenoemde se oortreding soos blyk uit die boete was in verhouding met die ander oortreders besonder klein, nl. £2 en £5 teenoor bedrae van £20 ens.

## Lisensies Aan 18,214 Indiërs Uitgereik

**In die diensjaar 1945-1946 is altesaam 18,214 handelslisensies aan Indiërs in Suid-Afrika toegeken, volgens inligting wat die Minister van Binnelandse Sake, mnr. H. G. Lawrence, in die volksraad verstrek het.**

**In Natal is 8,291 lisensies uitgereik, in Kaapland 3,202 en in Transvaal 6,721.**

**Op 'n vraag wat die waarde is van die vaste eiendomme wat die Indiërs in die Unie aangekoop het, het die Minister geantwoord dat die inligting nie beskikbaar is nie. Tog het die Kantoor van Aktes in Kaapstad aan Die O.B. meegedeel dat hulle maandeliks 'n staat waarin die Indiër-aankope aangetoon word, aan die Kantoor van Binnelandse Sake stuur.**

## „Partypolitiek Mag Kleurvraag Nie Uitbuit"

**Die konferensie van die N.H. of G. Kerk wat verlede week in Pretoria sitting gehad het met die doel om die kleurvraagstuk te bespreek, het 'n beroep op die politieke leiers gedoen om nie die Kleurvraagstuk 'n speelbal van die politieke partye te maak nie.**

Die konferensie voel dat 'n intensiewe studie van die hele vraagstuk gemaak moet word en verklaar onder meer: Die konferensie wil beklemtoon dat die rassevraagstuk nie 'n speelbal van die partypolitiek gemaak mag word nie en doen 'n beroep op die politieke leiers van ons land om dit bo die politieke arena te verhef en dit 'n landsaak te maak.

## INTEKENING OP „DIE O.B."

***Dit kom dikweis onder ons aandag dat persone wat „Die O.B." van vriende ontvang en graag gereelde intekenare op die blad wil word, nie weet waar om in te teken nie.***

***Vir die gerief van sulke persone plaas ons die nodige intekenvorm hieronder. Voltooi net die vorm en pos dit saam met die intekengeld van 10/- per jaar (of 5/- vir ses maande) aan: Voorslag (Edms.) Bpk., Posbus 28, Stellenbosch.***

INTEKENVORM

DIE SIRKULASIEBESTUURDER,
VOORSLAG (EDMS.) BEPERK.
POSBUS 28 — STELLENBOSCH.

Neem asseblief my naam op as intekenaar op „DIE O.B." tot ek u kennis gee om die intekening te staak. Ek sluit die bedrag van £ : : vir die eerste twaalf/ses* maande hierby in.

NAAM ........................................................................
(Blokletters)

POSADRES ....................................................................
.............................................................................

Datum .................................... ....................................
Handtekening.

*) Skrap wat nie van toepassing is nie.

# Simson Moet Speel Voor Filistyne In Kruger-skaduwee

**Die grootste smaad wat die verowerde Afrikanerdom aangedoen gaan word tydens die triomftog van die Britse koning, gaan voor die standbeeld van wyle President Kruger plaasvind, na ons korrespondent uit Pretoria berig.**

**Die voorneme is om op hierdie gewyde plek 'n klomp Boere-oudstryders voor die koning in gelid op te stel wat dan deur hom „geïnspekteer" sal word.**

In die skaduwee van die Kruger-standbeeld, waar die nagedagtenis lewend gehou word van die man wat deur die Britse koningsmagte verjaag is, en in die hoofstad van waaruit hy sy land teen die Britse imperialisme verdedig het, sal die oorgeblewe manne wat tevergeefs vir hul vryheid geveg het, voor die veroweraar se koning opgestel word.

Die Filistyne het Simson beveel om in sy veroweringskap voor hulle te kom speel. Oudstryders word aangesê om in hul vernedering voor die Britse koning te paradeer! Wat 'n spot!

Onderstaande brief van kapt. Henri Slegtkamp, held van Spioenkop, aan die Kommandant-generaal in verband hiermee, spreek vir homself:

„Seer Geagte Generaal, Ek ontvang nou 'n skrywe van die kantoor van die Administrateur om op 29 Maart as oudstryder te Pretoria by die standbeeld van Pres. Kruger teenwoordig te wees vir inspeksie gehou deur die koning van Engeland (hy is nie my koning nie).

„Ek is nie van plan om veral as O.B.-lid my kop te buig vir die persoon wat die hoof is van die mense wat ons altyd vervolg het en hul bes gedoen het om ons uit te roei nie. Generaal, ek hoop u is met hierdie standpunt van my tevrede."

Ons kan die Britse pers al by voorbaat aanhaal: „Boer Veterans inspected by His Majesty — Signal Honour to Oudstryders — President Kruger Looks On..."

# Geen Inligting Oor S.A. Aan Buiteland

## Persmanne Moet Net Skryf Oor Britse Koning

**Die mening dat die publisiteitsafdeling van die Regering hom blind staar op sy koningspropaganda en nie van die unieke geleentheid gebruik maak om Suid-Afrika in die buiteland bekend te stel nie, is teenoor Die O.B uitgespreek.**

**Met meer as sestig buitelandse persverteenwoordigers in Suid-Afrika wend die publisiteitskantoor geen poging aan om hierdie persmanne van juiste inligting oor Suid-Afrika te voorsien nie.**

**Ook die Departement van Binnelandse Sake onder wie hierdie belangrike funksie ressorteer het in 'n onderhoud verklaar dat hy nog geen poging aangewend het om toe te sien dat hierdie manne die juiste inligting kry nie, en hy is ook nie van voorneme om dit te doen nie. Die saak word met 'n skouerophaling as afgedaan beskou.**

Ten einde soveel publisiteit as moontlik aan die koningsgesin en hul toer te verleen, het die regering 'n spesiale persorganisasie in die lewe geroep om plaaslike en besoekende persmanne van oorsee die geleentheid te gee om die koningsontvangste by te woon en dit aan die wêreld uit te besuin. **'n Spesiale persoffisier in die persoon van mnr. Mockford is van Brittanje gebring om aan die hoof van die hele persorganisasie te staan en „Suid-Afrika" met Britse raad en daad by te dien.** Spesiale fotograwe van die staatsinligtingskantoor vergesel die toer en hulle voorsien alle koerante hier en in die buiteland van foto's — maar alles net van die koning en sy gesin, wat al 'n eentonigheid geword het.

NIKS

Aan die persmanne word soveel geriewe as moontlik verskaf. **Maar daar word absoluut geen poging aangewend om hierdie besoekende persmanne wat verteenwoordigers is van die vernaamste buitelandse koerante in te lig oor Suid-Afrika sodat hulle 'n juiste beeld daarvan kan ophang nie. Die staatspublisiteitskantoor wat uitsluitlik ingespan word vir koningverheerliking laat hierdie taak heeltemal links lê.**

Terwyl die koningstrein deur die bekendste dele van ons land gereis het, het niemand dit die moeite werd geag om die persmanne oor ons nywerhede, boerderybedryf, ens., in te lig nie. **Die publisiteitskantoor erken ruiterlik dat hierdie taak skoon uit die oog verloor is.**

So opvallend was hierdie gebrek aan voorligting vir hierdie ervare persmanne dat hulle hul genoodsaak geag het om die gebrek onder die aandag van die publiek te bring deur 'n briefskrywe in die pers.

**Hierin het hulle hul spyt uitgespreek dat hulle nie in staat gestel word om berigte oor ander aspekte van die Unie aan hulle koerante te lewer nie. Nêrens, so verklaar hulle, het iemand hulle inligting wat hulle graag oor Suid-Afrika wou hê, gegee nie. Hulle moet net altyd na die koning kyk.**

In 'n onderhoud met 'n verteenwoordiger van Die O.B. het die Departement van Binnelandse Sake verklaar dat dit die publisiteit wel onder hulle ressorteer maar dat die staatsinligtingskantoor daarmee handel. Die inligtingskantoor gooi weer die verantwoordelikheid op die Departement. Nie een van die twee besef blykbaar die belangrikheid van hierdie taak nie en laat sonder om 'n vinger te verroer toe dat hierdie unieke geleentheid om die Unie bekend te maak, verbygaan.

**Die feit dat die staatsinligtingskantoor hom tans feitlik uitsluitlik daarop toespits om publisiteit aan die koning te verleen, onderstreep nogmaals die feit dat die Britse koning hierheen gebring is as 'n propagandamiddel en geensins in verband gebring kan word met die belange van die land self nie.** In die Kaapstadse kantoor lê daar stapels en stapels foto's van die koning en sy familie, maar niks van Suid-Afrika self nie. Van hierdie foto's moet ook buitelandse koerante gebruik maak.

Met so 'n lamlendige publisiteitsdiens wat nie kan onderskei wat belangrik en tot voordeel van Suid-Afrika is nie, is dit geen wonder dat daar sulke wanbegrippe in die buiteland oor die Unie bestaan nie. As hulle nie eers bereid of in staat is om propaganda vir Suid-Afrika binne Suid-Afrika te maak nie, wat nog te praat van in die buiteland.

## *Bedankings Uit Staatsdiens*

In die afgelope ses maande het byna duisend amptenare in die staatsdiens hul werk bedank. Die grootste aantal bedankings het in November verlede jaar plaasgevind toe daar 164 was. Hierdie syfers is net gegrond op die getal bedankings as lede van die Staatsdiensvereniging. Slegs 85 persent van amptenare behoort aan dié vereniging. In werklikheid is die getalle bedankings dus veel hoër.

„Die O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Pro Ecclesia-Gebou, Birdstraat, Stellenbosch.

# Een Beweging In Krisis

kies die kant van hierdie manne wat nou uit Pretoria-Sentrale Gevangenis kom....en nie die van die manne wat een van die dae uit die Uniegebou moet padgee nie!

Omdat hul stryd ons stryd is....naamlik die republikeinse stryd in Suid-Afrika.

Wat die ontsteling van die menere in die Uniegebou betref sal die Ossewabrandwag vanselfsprekend doen net wat hy kan. Ons Beweging het veels te veel onder die gemeenhede van hierdie Regering gely om ons enige liefde of illusies oor hulle te laat. Daarom het ons nog steeds, vanaf 1943 tot vandag toe aangebied om die opposisie te steun, met behoud van identiteit en van beginsels aan albei kante.

As daar mense is wat vra: „Waarom behoud van identiteit?" kan ons baie antwoorde gee. Maar ek gee vanaand een ....en ek meen dié is voldoende.

1947 is 'n sware krisisjaar vir die republikeinse gedagte in Suid-Afrika. Die imperiale stroom, verteenwoordig deur die hoogste simbool daarvan... die Britse koning....is besig om 'n pad deur die land te sleur **en enige organisasie wat 'n dam kan opwerp is vir hierdie volk broodnodig.**

DIE KONING

Nou, meer as ooit tevore, is dit nodig om vas te staan en nie van stryk gebring te word met allerhande stories van.... „Ja, maar die koning is nou eenmaal hier....hy is immers ons koning....ons moet gasvry wees....nie onhoflik wees nie, ensovoorts, ensomeer".

Laat ons die standpunt van die Ossewabrandwag ten opsigte van die koninklike besoek en die koning oor die algemeen kortliks stel:

In die eerste plek is ons republikeine en kan ons nooit iets anders wees nie. Nie omdat ons vyandig teen konings wil wees nie maar omdat ons Afrikaners is en nooit 'n ander eie tradisie as die republikeinse geken het nie. Enige poging om koningsgesind te wees sou by ons die skone na-apery van 'n vreemde en onbekende gees wees. Die keuse is vir ons.... wees jouself of wees 'n na-aper. Ons verkies om onsself te wees en die na-apers hul gang te laat gaan, al agter die koning aan.

SIMBOOL VAN EMPIRE

In die tweede plek besef ons dat die koning en sy gesin nie as gaste in die gewone sin gekom het nie. 'n Gas word nie staatlik ontvang en open ons parlement as deel van sy gasreg en deel strafvermindering aan gevangenes uit as vergoeding vir die gasvryheid wat die mense hom gee nie. Dit doen alleenlik die staatshoof. **Die koning is hier as die simbool van die Empire, en die doel van sy koms is om die bande met die Empire hegter te trek...en die Ossewabrandwag is anti-Empire omdat ons dit aan die Empire te danke het dat ons die republikeinse en eie tradisie van die Afrikaner nie kan uitleef nie.**

Daarom, en daarom alleen, is die Ossewabrandwag óf republikeins of ontrou aan sy roeping. Daarom sê ons: **Die O.B. het geen koning verloor nie en hy soek geen koning nie; nie hier nie en ook nie oorsee nie.**

O.B.-VERSET

En vandag, waar almal ronddrom om die koninklike heerlikheid en koningsbankette bywoon en waar die hele parlement, opposisie sowel as regeringslede aan die koning „a humble address of welcome" **sonder een enkele teenstem aangebied het...vandag waar die republikeinse vlam dreig om te versmoor onder 'n roes van koningsgesindheid,** Duinkerkery onder die voorwendsel van „hoflikheid en die bekende Afrikaner-gasvryheid," waar manne wat in die laaste jare hierdie volk politiek geskeur het omdat die republikeinse gedagte in gevaar sou wees, nou self by koninklike ontvangste prominent aanwesig is....**vandag waar al hierdie verwarring heers daar sal die Afrikaner later met dank kan terug dink aan minstens een Beweging wat die republikeinse vlam onder alle omstandighede aan die brand gehou het en dit van die bergtoppe laat straal het vir vriend en vyand om te sien...die Vryheidsvlam van die Republiek.**

Een Beweging het daardie vlam vanaf die suidelike punt aan die Kaap tot aan die noordgrens van Transvaal, en van die ooskus in Natal tot by die Atlantiese Oseaan in Namakwaland op Majubadag laat oplaai **...en daardie Beweging in die krisisuur van die republikeinse gedagte in 1947 was die Ossewabrandwag!**




GEKLEUR VIR NUWE DIENS

KLEURSPESIALITEITE

PAARL STOOMWASSERY

★ WAS ★ KLEUR ★ DROOG-SKOONMAAK

Posbus 35 Foon 214

DIE PAARL

HUGENOOTSTASIE

(Goedere Halftarief)